



VOERMOL

TERUGVOER FEEDBACK

Mei 2010

Voerkraalafroning van Speenkalfwers



Voerkraal in Botswana.

Ulrich Müller, Voermol Voere

Tans is die voerkraalafroning van speenkalfwers baie winsgewend en gee dit aan mielie- en speenkalfprodusente die geleentheid om self waarde tot die produkte toe te voeg. Die prys van mielies en hominy chop is relatief laag en onder afwaartse druk. Terselfdertyd is die vleisprys besig om te styg. Die gunstige prysverhouding tussen die vleis- en voerpryse verhoog die vraag na speenkalfwers. Teen die agtergrond word 'n toename in plaasvoerkrale verwag wat die speenkalfprys verder sal laat styg.

Die afroning van speenkalfwers is eenvoudig en kan met basiese fasiliteite gedoen word of met goeie fasiliteite op 'n groter skaal.

Voermol bied 'n verskeidenheid voerkraalkonsentrate aan vir die afroning van speenkalfwers. Die eenvoudigste

stelsel is seker die Voermolstelsel waar die kragvoer en ruvoer apart gevoer word.

Voermol SB 100 (V 4498)

Deur die voerstelsel wat deur Voermol ontwikkel is te gebruik, is die voer van speenkalfwers baie eenvoudig met goeie resultate. Eerstens is dit belangrik dat die kalfwers korrek geënt en gedoseer word. Tweedens moet daar van 'n oorinplantaat of groeistimulant gebruik gemaak word. En derdens kan die Voermolstelsel of 'n volledige voer gevoer word.

Voermolstelsel. Meng eenvoudig 200 kg **Voermol SB 100** met 800 kg graan (heel mielies of hominy chop) en voer die mengsel *ad lib.* tesame met hooi (mielierreeste, koringstrooi, ens.) apart en *ad lib.* Met hierdie voerstelsel word baie basiese fasiliteite benodig. Die minste is seker 'n voerbak of voerkrip waarin die **Voermol SB 100** – mielie mengsel *ad lib.*

gevoer word plus hooi in 'n hooirak. Die hooi kan in die vorm van veldweiding in 'n klein kampie voorsien word.

Volledige Voere. Hiermee twee voorbeelde van volledige voere gebaseer op **Voermol SB 100** en met of sonder mieliekuilvoer.

Menginstruksies vir volledige voere		
	kg	kg
Voermol SB 100 (V4498)	150	150
Voermol HPK 36 (V8097)	25	25
Mieliegruis	650	600
Kuilvoer (nat)	---	300
Hooi	100	30
Totaal	925	1 105
Beraamde voerverbruik (kg/kalf) oor voerperiode:*		
	kg	kg
Voermol SB 100	180	180
Voermol HPK 36	30	30
Mieliegruis**	830	770
Kuilvoer (nat)	---	390
Hooi	130	40
Totaal	1 170	1 410

* Die voerverbruik is bereken deur 'n speenkalf wat 220 kg weeg te voer vir ongeveer 120 dae sodat die kalf dan op 420 kg lewendige massa geslag kan word om 'n top graad (A2 of A3) te gee.

** Met die gebruik van hominy chop in die plek van mieliegruis, moet die mengsels aangepas word. Skakel U naaste Voermolagent vir advies.

Voermol Beefmaker (V7535)

Voermol Beefmaker is 'n konsentraat wat spesiaal ontwikkel is vir dele waar die beskikbaarheid en koste van ruvoer of hooi problematies is. Met die Voermol Beefmakerstelsel kan 'n speenkalf suksesvol sonder die gebruik van hooi afgerond word. Kontak U Voermolagent vir voerinstruksies.



Ander Konsentrate en Vloeivoere

Verder bemark Voermol 'n reeks konsentrate, bv. **Voermol Super 80** (V16976), en vloeivoere vir groter krale. Hierdie konsentrate is koste-effektief en benodig meer fasiliteite soos skale, 'n mengwa, ens. Kontak U Voermolagent vir meer besonderhede.

Voermol Zilmol (V 16978)

Voermol Zilmol bevat die β -agonis, ZilpaterolHCL. Hierdie partisie-agent verhoog die neerlegging van spier

(proteïen) ten koste van vet (energie). Gevolglik kan 'n kalf wat reeds die A2-vetheidsgraad bereik het vir 'n verdere sowat 30 dae gevoer word sonder om oorvet te word. Sodoende word die positiewe voermarge ontgin deur diere langer te voer en word die winsgewendheid aansienlik verhoog. Kontak U Voermolagent vir meer besonderhede.

Skakel gerus jou naaste Voermolagent of gesels met Ulrich Müller by 083 414 5928 of e-pos: utm@mweb.co.za om te help met hierdie berekening.



Topgehalte karkas geproduseer in 'n voerkraal.



Voermol se borgskap vir die NWKV

Kenny Crampton (Voermol Nasionale Verkoopsbestuurder) oorhandig 'n tjek aan die NWKV as deel van Voermol se borgskap vir die vereniging gedurende 2009. Van links: Harry Prinsloo (NWKV Vise-president), Petrus de Wet (NWKV President), Kenny Crampton en Leon de Klerk (Voermol Verkoopsbestuurder – Suidelike Streek).

Foto deur Elize Pretorius (NWKV Openbare Betrekkinge).

Voermol se borgskap vir die RPO

Mark Barlow (regs), Voermol se Verkoopsbestuurder – Noordelike streek, het tydens die Rooivleis Producente Organisasie se Uitvoerende Raadsvergadering by Irene, 'n borgskap-tjek aan Lardus van Zyl (links), Vise-Voorsitter – Nasionale RPO, oorhandig.



Bees- en Skaapboer van die Jaar Benut Hulpbronne Optimaal

Hendrik van Pletzen, Voermol Voere en Johan Greyling, Universiteit van die Vrystaat

Doeltreffende veeboerdery bly 'n uitdaging onder variërende en soms uiters beperkte natuurlike hulpbronne. Die Nasionale Bees- en Skaapboer-kompetisie vir 2009 het weereens bewys dat daar uiters suksesvolle vee-producente is wat nie net winsgewend, maar ook volhoubaar kan boer onder wyd uiteenlopende omstandighede. So het reproduksiedoeltreffendheid (met speenpersentasie as 'n belangrike indikator) weereens 'n belangrike rol gespeel in die beoordeling van die deelnemers. Verskeie bestuursaspekte soos bv. hulpbron-, telings-, voedings-, personeel- en ekonomiese bestuur is ook geëvalueer – alles aspekte wat bydra om bees- of skaapboerpraktyke doeltreffend, volhoubaar en winsgewend te maak. Die doel van die kompetisie is o.a. om erkenning te gee aan Suid-Afrika se doeltreffendste veeboere, met inagneming van hul natuurlike hulpbronne, en te wys wat haalbaar is.

Die 2009 Nasionale Beesboer van die Jaar is mnr. Thero en Vian Wink van die plaas Groenland in die Barkly-Oos distrik. Die Wink Broers is kommersiële vleisbeesproducente wat reeds 15 jaar lank 'n volhoubare driehoek-kruisteelstelsel implementeer en basterkrag maksimaal benut. Hul weidingshulpbron bestaan net uit bergveld met uiters koue winters en swaar sneeuvalle. 'n



Landbou weekblad

Ses maande veldrusstelsel word gevolg met 'n goed saamgestelde winter- en somerlekprogram. 'n Speenpersentasie van 95.8 % is in die afgelope produksiejaar behaal met 'n teelseisoen van slegs 65 dae. Kalwers word op 165 dae gespeen en die gemiddelde speengewig was 239 kg. Slegs top prestasiegetoetsde suiwergeteelde Angus-, Brahman- en Simmentalerbulle uit vrugbare moeders word in die stelsel gebruik. Teelwaardes vir geboortemassa moet na aan die rasgemiddelde wees, teelwaardes vir speengewig bô die rasgemiddelde en volwasse gewig onder die rasgemiddelde. Die Wink broers behoort aan 'n finansiële studiegroep en hul bruto marge was die afgelope produksiejaar R323/ha teenoor die groepgemiddelde van R213/ha.

Die 2009 Nasionale Skaapboer van die Jaar is mnr. Theo Delpport en sy seun Piet van Bismarck Boerdery naby Wesselsbron in die Vrystaat. Die Delpports boer met Merino's by Wesselsbron en Afrino's naby Smithfield. Hulpbronne word optimaal benut en marginale lande is in 'n tradisionele saaigebied na lusern- en Smutsvingergrasweidings omgeskakel om veeproduksie uit te brei. Veldbestuur op hul Smithfieldgrond sluit lang rusperiodes in vir die volle groeiseisoen.

Waarde word toegevoeg tot mielies deur jaarliks ongeveer 18 000 Merino- en Merino-tipe lammers aan te koop en op weimielies af te rond. Met baie goeie bestuur op weimielies, beloop mortaliteit slegs 0.6% en 'n finale mielieprys van ongeveer R3 200 per ton word gerealiseer. Die reproduksieprogram van die ooiboerdery word gekenmerk deur 'n kort teelseisoen en lae lammortaliteit deur o.a. van lamhokke gebruik te maak. Die speenpersentasie van die Merino's is onderskeidelik 132% en 143% met 'n Maart- en September lamseisoen. BLUP teelwaardes word by ramaankope- en seleksie gebruik om vrugbaarheid, wolproduksie en groei te verbeter. Die gebruik van ramme met goeie teelwaardes vir groei het hulle lammers se gemiddelde speengewig met 3 kg verbeter.

Voermol is die koördineerder en hoofborg van die kompetisie. Ander borge sluit in BKB, Eerste Nasionale Bank (ENB) en Landbouweekblad. Medewerkers sluit in Agri SA, die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV), die Rooivleisproducente Organisasie (RPO), TLU SA, die Universiteit van die Vrystaat (UV) en die Veegeondheid en Produksiegroep van die S.A. Veterinêre Vereniging.



Die 2009 Nasionale Skaapboer van die Jaar, mnr. Piet Delpport, tweede van regs (Bismarck Boerdery), en sy vrou Miluschka. Links is mnr. Philip Strydom, Besturende Direkteur van Voermol en regs mnr. Mike Latsky van BKB. (Foto: Johan Norval.)



Die Wink Broers is die wenner van die 2009 Nasionale Beesboer van die Jaar Kompetisie. Van links na regs is mnr. Jan van Zyl, Hoof: Landbou-inligting en Bemaking van ENB, mnr. Thero Wink en sy vrou Anri, mev. Annatjie Wink en haar man Vian. (Foto: Johan Norval.)



Voerkraalafroning: Bemark Grane Deur Lammers

Dr. Jasper Coetzee, Voermol Voere
021 887 9559 ; 0833 86 83 82
jasperco@iafrica.com

Wat is die belangrikste voordele van voerkraalafroning?

- Deur lammers vroeg te speen en in 'n voerkraal af te rond, kan meer ooe aangehou word.
- Verhoog die uitslagpersentasie – vir elke 1 % wat die uitslagpersentasie styg, word ± R16 (vir pryse geldig op 16/03/10) meer wins gegeneer.
- Deur van die grane deur die lammers te “bemark” word 'n hoër graanprys (tot R3 000/ton of selfs hoër) gerealiseer.

Wat is die belangrikste winsdrywer in 'n voerkraal?

- Die voeromsetverhouding (kg voer ingeneem per kg massatoename) word as die “benchmark” van winsgewendheid in 'n voerkraal beskou (Lundeen, 2004) – 'n verhouding van kleiner as 4.0:1 word as uitstekend beskou.
- Die mees winsgewendste lam, is die een wat vinnig groei en vinnig bemark kan word, want vinniggroeiende lammers is die doeltreffendste omsetters van voer na vleis (Anderson, 2005).
- Voeromsetdoeltreffendheid verbeter hoe jonger die lam is; hoe meer energie en deurvloei-proteïene in hoe minder ruvoer die voerkraalrantsoen bevat; hoe hoër die vrywillige voerinnam is; met die gebruik van medikamente en 'n oorinplantaat; soos die vlak van voerkraalbestuur verbeter; ensovoorts.

Watter tipe voerkraallam gaan die meeste wins genereer?

- 'n Jong lam (jonger as 3 maande) goed uitgegroeide lam wat minstens 25 tot 28 kg weeg – voeromsetverhouding van 'n drie maande lam is ± 4.2:1 teenoor die 7.6 tot 8:1 van 'n agt maande oue lam (Vosloo, 1982).
- 'n Vleiswoltipe ramlam.
- 'n Kruislam.
- 'n Lam wat kruipvoer ontvang het.
- 'n Gesonde lam.

- Verkoop met speen die swakste derde lammers en rond die res in 'n voerkraal af – 'n swak lam kan nie reg gevoer word nie!

Watter voerkraalrantsoen gee die beste biologiese en ekonomiese respons?

- 'n Goeie gehalte, deeglik gebalanseerde voerkraalrantsoen met 'n hoë deurvloei-proteïene- en energie-inhoud; lae ruvoerinhoud; wat die nodige buffers, groeistimulante, ammoniumsoute, minerale, spoor-elemente en vitamies bevat met geen laegraadse nuwe produkte – 'n rantsoen wat aan hierdie vereistes voldoen, is: 125 kg gemaalde lusernhooi (25 mm-sif) + 550 kg gemaalde mielies + 200 kg Voermol SS 200 + 100 kg Voermol Procon + 40 kg Voermol Melassemeel.
- 'n Hoë insluiting van 'n deurvloei-proteïenebron (bv. 5 tot 10 % Voermol Procon) verbeter die voeromsetverhouding en bevorder spiergroei wat op sy beurt die uitslagpersentasie verhoog (Beerman *et al.*, 1986).

Watter aanpassingsprosedure is die beste?

- Begin op Dag 1 met 100 g/lam van die voerkraalrantsoen en verhoog dit daaglik met 100 g/lam totdat *ad lib.* -voedingspeil (± 4 – 4.5 % van liggaamsmassa) bereik word.
- Voer elke dag se toegelate hoeveelheid rantsoen in twee gelyke porsies – helfte in die oggend en ander helfte laatnamiddag. Na die aanpassingsperiode (eerste 10 dae) moet die daaglikse hoeveelheid voer drie tot vyf of selfs meer kere per dag gevoer word om hoë vrywillige voerinnam te verseker.
- Voer addisionele ruvoer (verkieklik ongemaalde lusernhooi) eenkant *ad lib.* vir die eerste 10 dae.
- Daar moet voldoende vreet spasie (± 25 – 30 cm/lam) wees sodat al die lammers gelyk kan vreet.


Wenke vir welslae in 'n voerkraal

- Verdeel lammers volgens massa, grootte, kondisie, ras en geslag met inname – ideale tropgrootte is 25 tot 50

lammers, met 'n maksimum van 100 lammers per kraal en laat 5 tot 8 m² vloeroppervlakte/lam toe.

- Lammers moet met inname met doeltreffende breëspektrumdoseermiddel gedoseer of gespuit word; 'n multiklostridiale entstof, wat ook Pasteurella bevat, gespuit word; oorinplantaat geïmplanteer word; Multimin (sonder koper) asook Vitamien A & E gespuit word.
- Voorsien voldoende skaduwee (0.5 – 1.0 m²/lam) teen die son asook beskutting teen ongure weer.
- Gebruik lynkrippe, nie selfvoerders nie.
- Voldoende koel en skoon drinkwater moet te alle tye beskikbaar wees – maak waterkrippe met elke voeding skoon.
- Bemark lammers weekliks soos hulle markklaarheid bereik – moenie wag totdat almal markklaar is om hulle gelyk te bemark nie.

Indien meer inligting oor voerkraalafroning verlang word, raadpleeg u naaste Voermolagent of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za



Maksimum winsgenerering in skaapvoerkrale vind dikwels nie plaas nie omdat die genetiese groei- en voeromsetverhoudingspotensiaal van voerkraallammers nie ten volle ontsluit word nie weens die gebruik van ondoeltreffende bestuurspraktyke asook ongebalanseerde voerkraalrantsoene.



Suksesvolle Oorwintering van Vleisbeeste op Droë Grasveld

Dr. Jasper Coetzee, Voermol Voere
021 887 9559 ; 083 386 8382
jasperco@iafrica.com

Nadele van onsuksesvolle oorwintering

- Dit knou winsmarges omdat dit ernstige reproduksie- (lae kalfpersentasie) en produksieverliese (lae speenmassa) tot gevolg het.
- Oormatige massaverlies – waar koeie 21 % van hulle herfsmassa verloor het, het ovulasie (eiselaafskeiding) gestop en het hulle nie op hitte gekom nie (Louw *et al.*, 1988).
- Koeie wat se kondisiepunt met die aanvangs van dekseisoen onderskeidelik 2; 2.5 en 3.5 was se besetting was 50; 75 en 95 % (Meaker, *et al.*, 1984).

Voorvereistes vir suksesvolle oorwintering van vleisbeeste

- Besikbaarheid van voldoende hoeveelheid ruvoer in die vorm van gesaarde grasveld.
- Aanvulling van kritieke voedingstowwe (bv. proteïene, minerale, spoorelemente en vitamïene) deur die verskaffing van 'n rumenstimulerende onderhoudslek (ook bekend as proteïen- of winterlek) om die tekorte in droë winterveld aan te vul.

Hoekom moet lekke op droë grasveld verskaf word?

- Droë grasveld het 'n ernstige proteïentekort as dit minder as 6 % proteïene bevat, het dit tot gevolg dat die mikro-organismes, wat die ensieme afskei wat verantwoordelik is vir die vertering van die droë gras, begin afsterf en gevolglik word daar al hoe minder voedingstowwe vir die beste beskikbaar gestel. Dit het kondisie- en massaverlies tot gevolg.
- Die gunstige klimaatstoestande die afgelope groeiseisoen het uitermate goeie groei van natuurlike grasveld tot gevolg gehad en laat die veld in die algemeen beter vertoon as wat dit werklik is. Veeprodusente word egter gemaan om nie hulle veld se voedingswaarde te oorskakel nie.

Wat is die tekens van 'n proteïentekort?

- Diere is minder geneig om te wei, al is daar volop droë weiding beskikbaar, en meer geneig om by die waterbak te lê en water te drink.
- Die mis van sulke diere begin min, droog, hard en swart word en hulle begin kondisie verloor.
- Die diere se hare begin regop staan, rugte is krom wanneer hulle loop en hulle kan selfs droë galsiekte kry en vrek omdat hulle pense verstop omdat dit ophou funksioneer.

Wanneer moet proteïenlekkie op droë grasveld voorsien word?

- Die aangewese tyd om na proteïenlekkie oor te skakel, is na die eerste swaar ryp in die winter.
- Bekker (1996) is van mening dat proteïenlekaanvulling 'n aanvang moet neem wanneer massastilstand intree.

Proteïenlekkie vir vleisbeeste

- Voermol bemark 'n reeks melassegebaseerde rumenstimulerende proteïenlekkie wat in verskillende vorms (los lek of blok), formaat (klaargemeng en gereed om te gebruik of selfmeng), met hoë of lae fosforinhoud beskikbaar is en wat hoë vlakke van al ses noodsaaklike spoorelemente asook die makrominerale en Vitamïene A bevat.
- Die volgende klaargemengde lekke is vir vleisbeeste beskikbaar: **Voermol**

Premix 450 (V4676) vir baie strawwe winters; **Bovelderlek** (V19218) vir laer lekinnames waar tradisionele winterlekkie se innames te hoog is (bv. suurveldgebiede); **Hoëveldlek** (V16150) vir hoër fosforaanvulling; **Dundee Lekkonsentraat** (V10737) met of sonder ekstra fosfor vir selfmeng; **Rumevite Ekonolek** (V11147) veral vir speenkalwers en eerstekalfverse; **Proteïenblok** (V10448) en **Beesblok** (V10932) waar lekbakke nie beskikbaar is nie. Vir meer besonderhede oor leksamestelling, lekmengsels, gebruiksaanwysings en aanbevole innamepeile raadpleeg Voermol se nuutste Produkhandleiding of www.voermol.co.za



Die aanvulling van rumenstimulerende Voermol Proteïenlekkie bevorder die vertering en inname van droë weiding wat massa- en kondisieverlies beperk waardeur produksie en reproduksie verhoog word.

Grondstowwe	Proteïenlekkie		
	1	2*	3
Voermol Dundee Lekkonsentraat met of sonder P (V10737) (kg)	250	250**	–
Bovelderlekkonsentraat (V19908) (kg)	–	–	450
Mieliemeel of Voermol Melassemeel (kg)	100	200	200
Voermol Rumevite 12P (V11994) (kg)	–	50	–
Sout (kg)	150	150	350
Totaal (kg)	500	650	1 000
Aanbevole inname (g/bees/dag)	355 – 470	450 – 600	500 – 800

* Gebruik in gebiede waar ernstige fosfortekorte voorkom.

** Gebruik Dundee Lekkonsentraat + P.

Indien meer inligting oor winterlekkie verlang word, raadpleeg u naaste Voermolagent of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za



Voermol Landelek vir die Optimale Benutting van Oesreste en Weimielies

*Hendrik van Pletzen, Voermol Voere
083 456 3636*

*Bo-gemiddelde en goed verspreide reëns het bygedra tot 'n groot mielie-oes op meeste plase in die somersaangebied. Groot hoeveelhede oesreste is beskikbaar om vee te oorwinter en die strategiese aanvulling van **Voermol Landelek (V 15414)** bied die geleentheid om goeie waarde toe te voeg tot reste en weimielies.*

Kenmerke van mieliereste weiding

- Hoë drakrag van 0.8 - 1.4 GVE/ha vir 90 - 120 dae. Die drakrag kan selfs hoër wees met die hoë opbrengste vanjaar.
- Hoë energiewaarde. Weens die lae mielieprys en hoë arbeidskoste sal mieliekoppe nie opgetel word nie.
- Proteïenwaarde is marginaal tot laag vir koeie met kalwers, lammerooie, speenkalwers en speenlammers.
- Spoorelemente is laag, veral sink, koper, mangaan en selenium op swaarder gronde.
- Hamels wat lank op mieliereste wei (75 dae en langer) ontwikkel blaasstene.
- Suurpens is 'n groot probleem wat aanleiding gee tot vrektes en swakker groei. Hoe meer graan op die grond (koppe wat nie opgetel is nie), hoe groter die probleem.

Weimielies

- Drakrag van weimielies word deur graanopbrengs bepaal. Vir elke 1 ton graan is daar 1 000 skaapweidae (45 - 50 kg skaap). Met 'n graanopbrengs van bv. 5t/ha, is die drakrag 55 skape/ha vir 90 dae. Drakrag kan verhoog word deur spaarveld aangrensend.
- Dubbeloel-speenlammers (wol en vleis) met 'n aanvangsgewig van 30 - 34 kg voeg die beste waarde tot weimielies. Met die huidige pryse kan 'n "mielieprys" van ongeveer R3 200/ton realiseer.
- Ooie met lammers kan ook weimielies benut, maar voeg nie soveel waarde toe soos speenlammers nie. Lammerooie word vet op weimielies en tot 68 % lam tweeling in die volgende lamseisoen.
- Beeste benut weimielies swak met groot vermorsing tot gevolg en skape

moet dus beeste opvolg om 'n land skoon te vreet.

- Weimielies het basies dieselfde voedings beperkinge as mieliereste soos bo bespreek.

Bestuursriglyne om oesreste en weimielies optimaal te benut

- **Voermol Landelek** is ontwikkel om tekorte aan te vul en voedingsprobleme te beperk op reste van mielies, graansorghum, sonneblomme en weimielies.
- Weimielies kan reeds in die harde deegstadium bewei word – dit vergemaklik aanpassing.
- Skape op weimielies moet vooraf geprosesseer word, d.w.s. ent teen bloednier, behandel teen inwendige en uitwendige parasiete en dien 'n oorinplantaat toe.
- Gelykmatige aanpassing op mielies is belangrik. Gee **Landelek** ten minste 14 dae voor skape op lande gaan en pas mielies gelykmatig oor die 14 dae aan. Begin met 200 g mielies of mieliekoppe/skaap/dag en verhoog elke tweede dag met 100 g.
- Gee vars **Landelek** elke dag in lekbakke met 'n vreetspasie van ten minste 5 cm/skaap.
- Plaas lekbakke naby waterkrippe om goeie inname te verseker.
- Monitor lekinnome. Die aanbevole inname van **Landelek** is 200 g per 45 - 50 kg skaap. Groter (swaarder) skape moet meer inkry (300 g/dag).

Maak waterkrippe ten minste een keer per dag skoon.

- Skui skape betyds na vars blok – pitte moet nog sigbaar wees.
- 'n "B" trop, d.w.s. droë diere met 'n laer voedingsbehoefte wei agter om die land skoon te vreet.
- Skape wat nie aangepas is nie, moet nie by 'n "aangepaste" trop gevoeg word nie.
- Monitor diere vir simptome van suurpens – diere is styf en beweeg moeilik, lakseer, ontwater, mis ruik suur.
- Onttrek siek skape en behandel met teensuurmiddel bv. geaktiveerde houtskool of ant-acid. Voer ruvoer (verkieslik lusernhooi), begin weer mielies gelykmatig byvoer en plaas gesonde diere so gou moontlik terug op die land.
- **Landelek** word ook aanbeveel vir koeie met kalwers en speenkalwers op oesresteweiding.
- Die aanbevole inname vir beeste op oesreste is 0.8 - 1.2 kg **Landelek**/bees/dag.

ONTHOU – **Voermol Landelek** en bogenoemde bestuursmaatreëls sal die risiko van suurpens drasties verminder. Aangesien enkele diere in 'n trop baie min of geen lek vreet nie, is dit onmoontlik om te waarborg dat geen suurpens sal voorkom nie. **Landelek** bevat medikamente en moet dus nie aan perde gevoer word nie.



Voermol Landelek is geformuleer om voedingstekorte op oesreste en weimielies aan te vul en voedingsprobleme te beperk.



Voermol by NAMPO

Mark Barlow, Voermol Voere

Voermol Voere wil graag 'n hartlike uitnodiging rig aan alle boere om die Voermol Voerestalletjie, wat reg wes van die Vee-kompleks geleë is, te besoek. Daar sal u die geleentheid hê om u diere se voedingsbehoefes met die Voermolverkoopspan, sowel as ons tegniese deskundiges, dr. Jasper Coetzee, Ulrich Müller en Hendrik van Pletzen, te bespreek.

Met die groot mielie-oes wat in 2010 verag word, en 'n mielieprys wat reeds tekens toon dat dit wesenlik laer sal wees as wat oorspronklik verwag is, gaan dit gebiedend noodsaaklik wees dat u die maksimum waarde uit u oes verkry. 'n Baie doeltreffende manier om dit te doen sal wees om u mielies te gebruik

om u lewende hawe te voer. Vergun ons om die toegevoegde voordeel vir u te bereken indien u Voermolprodukte saam met u mielies gebruik.

Daar sal 'n aantal Voermolprodukte op promosie wees gedurende die Nampo-oesfees, met inbegrip van die algemeen gebruikte konsentrete **Voermol SB 100** (V4498) en **Voermol SS 200** (V 8592) vir die afronding van beeste en lammers onderskeidelik, sowel as **Voermol Landelek** (V15414), wat baie doeltreffend en winggewend bewys is wanneer dit vir herkouters gevoer word wat op wei-mielies wei.

Boere wat hul bestellings vir hierdie produkte tydens die Nampo-oesfees by die Voermolstalletjie plaas, sal nie slegs die beste pryse kry nie, maar sal ook

kwalifiseer om 'n baie gesogte Voermolbaadjie te ontvang wat saam met die produk afgelewer sal word in die weke wat volg op Nampo.

Die Voermolstalletjie by Nampo het nog altyd 'n spesiale aantrekkingskrag gehad en hierdie jaar sal nie anders wees nie. Gesinne is welkom om in te val vir iets kouds om te drink of vir 'n warm koppie tee of koffie en om die lewende tentoonstelling van beeste, skape en bokke in 'n aangename omgewing te besigtig.

Ons sien daarna uit om u by die Nampo-oesfees te verwelkom. Voer ons u probleme ... Voermol, die leiers in aanvullende voeding, sal vir u die oplossings voer.

Voermol – BKB se Topverskaffer vir 2009

BKB se Topverskaffer vir 2009 was Voermol Voere wat die toekenning vir die tweede jaar agtereenvolgens ingepalm het. Hierdie toonaangewende toekenning word volgens streng keuringskriteria beoordeel waar die insette van takbestuurders en personeel bepalende faktore is.

Jaco Jacobs (Aberdeen), Beste handelstak, Mike Latsky (BKB), Philip Strydom (Voermol Voere), Beste Verskaffer en Wolf Edmayr (BKB).



ISO 9001:2008 Sertifisering vir Voermol Laboratorium

Voermol se Laboratorium het in Maart hierdie jaar ISO 9001:2008 sertifisering ontvang. ISO (Internasionale Organisasie vir Standaardisasie) is 'n stel standaard wat ontwikkel is om vervaardigers beheer oor alle stelsels en produkte te verseker. ISO 9001 is primêr gebaseer op die HACCP (Risiko-ontleding van kritieke beheerpunte) en fokus op die beheer van die groot risikofaktore van die produksieproses.

Verskillende standaarde soos ISO 9001 (Gehaltebestuurstelsel), ISO 14000 (Omgewingsbestuurstelsels) en ISO 22000 (Voedselbestuurstelsel) kan geïmplementeer word om risiko's in 'n produksie-omgewing te verminder en beheer van alle prosesse moontlik te maak.

ISO 9001 implementering in Voermol se Laboratorium verseker dat alle

gehaltebeheerstelsels in plek is, al die toerusting behoorlik in stand gehou en die akkuraatheid van die analyses noukeurig gemonitor word. Die ISO 9001:2008-registrasie asook die feit dat Voermol se laboratorium by Agrilasa geakkrediteer is, verseker Voermol se voortdurende beheer oor die gehalte van produkte wat die fabriek verlaat.



Voermol: GWK se Topverskaffer vir 2009

Clivé Burger (Foto en kopie)

GWK, met sy hoofkantoor in Douglas, wys jaarliks 'n 'Verskaffer van die Jaar' aan. Die aanwysing geskied op grond van sake gedoen met die koöperasie.

Vanjaar is dié geselligheid gehou by die Magersfontein Memorial Gholf Estate geleë naby die Modderrivier in die Noord-Kaap.

Net die top 20 verskaffers word jaarliks na dié saamkuier genooi, waar die verskaffers in die verskillende afdelings (soos onder meer DIY, meganisasie, voorraad, besproeiing) aangewys is.

Voermol is vanjaar as die algehele 'Verskaffer van die Jaar' aangewys.



Voermol is vanjaar as GWK se 'Verskaffer van die Jaar' aangewys. Van links is Rocky le Roux, Bestuurder: kleinhandel van GWK, Schalk Erlank, verteenwoordiger van Voermol in die Kimberley-streek, Johan van Dyk, Besturende Direkteur van GWK, Jannie Louw, Hoofbestuurder: handel van GWK, Leon van Dijkhorst van Bethlehem, Streekbestuurder van Voermol in die sentrale streek, en Philip le Roux, Bestuurder: Sentrale aankope van die handelsafdeling van GWK in Douglas.

Voermol Kondig Nuwe Webwerf

Die webwerf is ontwerp om u van die nuutste nuus, gebeurtenisse, maatskappy- en produkinligting te voorsien. Die webwerf gee ook maklike toegang tot ons Verkoops- en Tegnieuse spanne landswyd.

Besoek ons webwerf:
www.voermol.co.za

www.voermol.co.za

**Nuwe Werf
New Site**

Tuis Oor ons Produkte Tegnie Agente Verspreiding Groen Ons

Voermol Voere kondig met trots aan die vrystelling van ons nuwe webwerf.
Die webwerf is ontwerp om u van die nuutste nuus, gebeurtenisse, maatskappy- en produkte inligting te voorsien. Die webwerf gee ook maklike toegang tot ons Verkoops- en Tegnieuse spanne landswyd.

Voermol Feeds is pleased to announce the launch of our new website.
We have designed the site to provide you with the latest news, events, company and product information, as well as easy access to our Sales and Technical teams nationwide.

Home About us Products Technical Agents Distribution Events Contact Us

50 50 years of outstanding Products & Service 50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

BESOEK ONS WEBWERF · VISIT THE SITE

